SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2013

# BESIGHEIDSTUDIES

**PUNTE:** **300**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies deeglik voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en alle onderwerpe.

   AFDELING A: Verpligtend

   AFDELING B: Bestaan uit VYF vrae. Beantwoord enige DRIE vrae uit die vyf vrae.

   AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae. Beantwoord enige TWEE uit die vier vrae.

2. Neem die tydtoekenning van elke vraag in ag wanneer die vraag beantwoord word.

3. Lees die instruksies van elke vraag deeglik en beantwoord net wat gevra word.

4. Nommer die antwoorde korrek en in ooreenstemming met die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.

5. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne beantwoord word.

6. Gebruik die puntetoekenning en die aard van elke vraag om die lengte van die antwoord vas te stel.

7. Begin elke antwoord van ELKE vraag op ŉ nuwe bladsy, byvoorbeeld; VRAAG 2, VRAAG 3 – Nuwe bladsy, ens.

8. Gebruik die tabel hieronder as gids vir punte- en tydtoekenning wanneer ŉ vraag beantwoord word.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|
| A. Meervoudigekeuse-vrae, kies die korrekte antwoord tussen hakies, pas-items (VERPLIGTEND) | 1 | 40 | 30 MINUTE |
| B. VYF vrae: Beantwoord enige DRIE | 2<br>3<br>4<br>5<br>6 | 60<br>60<br>60<br>60<br>60 | 30 MINUTE<br>30 MINUTE<br>30 MINUTE<br>30 MINUTE<br>30 MINUTE |
| C. OPSTELTIPE-vrae: Beantwoord enige TWEE | 7<br>8<br>9 | 40<br>40<br>40 | 30 MINUTE<br>30 MINUTE<br>30 MINUTE |
| | | **300** | **180 MINUTE** |

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Kies die korrekte antwoord van die gegewe opsies. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1–1.1.10) in die antwoordeboek, byvoorbeeld 1.1.11 C.

1.1.1 Hierdie is die manier hoe mense in ŉ groep saamwerk wanneer hulle ŉ algemene doel wil bereik:

A Konflik
B Span-dinamika
C Direkte distribusie
D Mark-segmentasie

1.1.2 Hierdie verwys na berging ŉ produk vanaf die tyd dat dit klaar is tot die tyd dat dit aan die klant verkoop word:

A Berging
B Mededinging
C Ligging
D Mark

1.1.3 Dit beteken dat ŉ persoon verantwoordelik is vir die bedrag geld wat hy/sy in die besigheid stort:

A Registreer van maatskappye
B Vennootskapsooreenkoms
C Onbeperkte aanspreeklikheid
D Beperkte aanspreeklikheid

1.1.4 Hierdie is die breë, eksterne, sosiale, politieke en ekonomiese konteks waarin die besigheid sake doen:

A Mikro
B Mark
C Makro
D Beide A en B

1.1.5 Dit is ŉ kollektiewe, georganiseerde ophou van werk deur werknemers om werkgewers te dwing om hul vraagstukke te aanvaar.

A Roofkopiëring
B Storting
C Staking
D Ekonomiese misdaad

1.1.6 Is ʼn vorm van wetlike beskerming en wat ʼn persoon verhoed om ʼn ander persoon se kreatiewe werke sonder toestemming te gebruik:

A Industriële verhoudinge
B Kopiereg
C Patente-reg
D Hulpbron-uitbuiting

1.1.7 Hierdie beteken onderhandelings tussen bestuur en vakbonde om ʼn kollektiewe ooreenkoms te bereik aangaande vergoeding en werksomstandighede in die werkplek:

A Kollektiewe bedinging
B Arbeidsverhoudingswet
C KKBA
D Basiese Diensvoorwaardeswet

1.1.8 Die stadium in spanontwikkeling waar spanwerk effektief as ʼn span saamwerk as ʼn eenheid:

A Vorming
B Storming
C Norming
D Performing

1.1.9 Hierdie is ʼn metode waar ʼn besigheid kan betaal vir die gebruik vir ʼn bate in plaas daarvan om dit self te koop:

A Uitkontraktering
B Bruikhuur
C Tantieme *(Royalty)*
D Straatverkoper

1.1.10 Hierdie is ʼn besondere teken, handelsnaam of merkteken wat ʼn persoon, maatskappy of produk identifiseer:

A Verpakking
B Winsdeling
C Handelsmerk
D Wetlike beperkinge (10 x 2) (20)

1.2 Kies die korrekte woord(e) van die woord(e) gegee in hakies. Skryf slegs die korrekte woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die antwoordeboek neer.

1.2.1 (Kwaliteitsirkel/Kwaliteitsversekering) is ’n groep werknemers wat in verskillende departemente werk, maar wat direk of indirek met dieselfde produk of diens werk.

1.2.2 (Hiperinflasie/Inflasie) word gedefinieer as ’n volhoubare en merkbare verhoging in die prys van goedere en dienste.

1.2.3 (Afdanking/Aflegging) gebeur wanneer die werkgewer die kontrak van die werknemer beëindig as gevolg van die onbevredigende werksverrigting.

1.2.4 (Publisiteit/Advertering) is die mees gewildste metode vir vervaardigers om hul boodskap aan hul teikenmark en verbruikers oor te kan dra.

1.2.5 Hierdie is ’n probleemoplossingstegniek wat kreatiewe denke en kreatiewe probleemoplossing deur idees te gebruik sonder kritiese besprekings: (dinkskrum/delphi-tegnieke) (5 x 2) (10)

1.3 Kies ’n term uit KOLOM B wat pas by die beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die antwoordeboek neer, byvoorbeeld 1.3.6 J.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Ekstra lone bo en behalwe die gewone salaris en lone | A | Veranderlike koste |
| 1.3.2 | Korttermyn-taktieke om verkope te bevorder deur potensiële klante te oorreed om die produk te koop | B | Keuringstoetse |
| 1.3.3 | Proses om ’n nuwe personeellid aan die besigheid bekend te stel | C | Sosiale media |
| 1.3.4 | Produksie-koste wat verander afhangend van die aantal eenhede wat geproduseer is | D | Oortyd |
| 1.3.5 | Die aantal eenhede waar die besigheid sy produksiekoste dek, maar nog nie ’n wins maak nie | E | Gelykbreekpunt |
| | | F | Verkoopspromosie |
| | | G | Tydverwante pas |
| | | H | Induksie |
| | | I | Verbale bemarking |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae uit hierdie afdeling in jou antwoordeboek.

## VRAAG 2

2.1 Bespreek SES redes vir werkloosheid. (12)

2.2 Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| |
|---|
| *Local labels* is 'n gesonde, gevestigde besigheid. Die drie eienaars het besluit dat hulle die besigheidsidee of -plan aan ander geïnteresseerde potensiële eienaars gaan verkoop. |

2.2.1 Identifiseer en verduidelik die TWEE verskillende partye wat betrokke by die ooreenkoms sal wees. (6)

2.2.2 Evalueer krities hierdie metode ten einde 'n besigheid te bekom. (12)

2.2.3 Gee 'n uitleg van VYF aspekte wat ingesluit moet word in die besigheidsidee of besigheidsplan wat hulle gaan verkoop. (10)

2.3 'n Besigheid se betrokkenheid in die makro-omgewing kan voordele vir die besigheid inhou.

Lys enige VYF voordele van betrokkenheid in die makro-omgewing. (10)

2.4 Die Arbeidsverhoudingswet beoog om ekonomiese ontwikkeling, sosiale regverdiging, arbeidsvrede en demokrasie in die werkplek te beskerm en te bevorder.

Lys enige VYF hoofdoelwitte van arbeidsverhoudinge. (10)
**[60]**

**VRAAG 3**

3.1 Noem VYF funksies van vakbonde. (10)

3.2 Lees die gevalle-studie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Siya en Naomi het hul eie besigheid, Dila Hoya Lodge in die begin van 2013 begin. Hulle albei kyk uit na geleenthede wat die 2013 Rugby-wêreldbeker sal aanbied.<br><br>Die volgende is ŉ opsomming van hul aktiwiteite vir Februarie 2013:<br>• Albei het meubels in die eerste en tweede week in Februarie gekoop.<br>• Vanaf die tweede tot die laaste week van die maand het Naomi eetgerei gekoop.<br>• Sy moes ook ŉ bestelling vir beddegoed en gordyne in die 3de week plaas.<br>• Siya het sekuriteit vir die besigheid in die laaste week van Februarie vir die besigheid gereël.<br>• Gedurende die eerste twee weke het Siya vir ŉ besigheidslisensie by die munisipaliteit aansoek gedoen. |

3.2.1 Teken ŉ Gantt-kaart wat die aktiwiteite van Siya en Naomi as vennote illustreer. (24)

3.2.2 Noem VYF voordele van ŉ Gantt-kaart. (10)

3.3 Stel VYF faktore voor wat in ag geneem moet word wanneer stres in die werkplek bestuur word. (10)

3.4 Lys enige DRIE stappe wanneer ŉ aanbieding mondelings of skriftelik voorgelê word. (6)

**[60]**

**VRAAG 4**

4.1 Bestudeer die volgende artikel wat op 10 Desember 2012 in die *Citizen* gepubliseer was.

| |
|---|
| "Johannesburg het aangesluit by ŉ internasionale veldtog om ŉ positiewe bydrae tot verandering van die aardse-omgewing te maak. Die groen landskap wat ŉ beeld daarstel van ŉ omgewingsgesinde hulpmiddel. Die konsep het ontstaan uit die eerste wêreldomgewingsaamtrek te Rio De Janeiro in 1990." |

4.1.1 Wat word met "internasionale veldtog" bedoel? (2)

4.1.2 Dink jy dat die bogenoemde veldtog deur die stadsraad van Johannesburg ŉ voorbeeld van "raak sosiaal betrokke" is? Motiveer jou antwoord. (6)

4.1.3 Verduidelik die konsep: "*organisatoriese of korporatiewe burgerskap*". (4)

4.1.4 Gee spesifieke voorbeelde van hoe besighede organisatoriese of korporatiewe burgerskap in die volgende area kan uitvoer:

- Die fisiese omgewing
- Die werkende omgewing
- Die gemeenskap
- Die markomgewing (16)

4.2 Identifiseer enige VYF kenmerke van ŉ goeie entrepreneur. (10)

4.3 Bestudeer die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Esethu Majikijela, die finansiële Bestuurder van Khanya's BPK het 21 ondergeskiktes wie daagliks aan hom rapporteer. Dit is die einde van die jaar vir die maatskappy, maar Esethu word met moeilike dilemmas gekonfronteer. Die senior rekenmeester is met siekteverlof en die junior rekenmeester het bedank. Esethu en haar departement het ŉ belangrike sperdatum om te bereik. Derhalwe moet sy en haar span belangrike besluite neem om sodoende die sperdatum te bereik en die finansiële direkteur met die nodige inligting te voorsien en om betyds te rapporteer.

4.3.1 Beskryf die probleemoplossingsproses wat Esethu moet toepas om sodoende haar sperdatum te bereik. (6 x 2) (12)

4.3.2 Verduidelik VYF strategieë wat Esethu kan gebruik om haar stres te kan bestuur. (10)

**[60]**

**VRAAG 5**

5.1 *Back street*-fabriek het 100 sellulêre fone gedurende Augustus 2013 vervaardig. Hulle kostes vir die maand van Augustus 2013 was soos volg.

| | |
|---|---:|
| Direkte arbeidskoste | R40 000 |
| Direkte materiaalkoste | R210 000 |
| Vaste oorhoofse koste | R10 000 |
| Veranderlike oorhoofse koste | R2 500 |

Bepaal die eenheidskoste van ŉ *Back street*-sellulêre foon. Toon alle berekeninge. (6)

5.2 Waarvoor staan die afkorting "CV"? (2)

5.3 Benoem VYF hoofpunte wat in ŉ CV ingesluit moet word. (10)

5.4 "Deur te leer om in spanne te werk is een van die mees belangrikste vaardighede wat ŉ persoon kan bemeester. Dit is deur goeie spanwerk dat besighede sukses behaal."

Beskryf die VIER stadiums van ontwikkeling wat spanne gewoonlik deurmaak om sodoende sukses in die besigheid te bereik. 4 + (4 x 4) (20)

5.5 ʼn Onderhoudvoerder wat onvoorbereid is se bydrae tydens ʼn onderhoud is oneffektief.

Beskryf enige VYF faktore wat in ag geneem moet word wanneer die onderhoudvoerder vir ʼn onderhoud voorberei. (10)

5.6

| **<u>INDIENSNEMINGSKONTRAK</u>** |
|---|
| Dit is bindend deur beide partye, wat elkeen ʼn afskrif van die kontrak moet hou. Die doel van die kontrak van indiensneming is om duidelik oor die dienste en verpligtinge/verantwoordelikhede van beide werkgewer en werknemer te hê. Hierdie kontrak moet in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Arbeidswetgewing wees. |

5.6.1 Omskryf die term: *dienskontrak.* (2)

5.6.2 Gee ʼn lys van die minimum inligting (VYF) wat ʼn dienskontrak moet bevat. (10)

**[60]**

**VRAAG 6**

6.1 Stel VYF soorte krisisse wat ʼn besigheid ervaar. (10)

6.2 Lys enige VYF voordele van die informele sektor. (10)

6.3 "Die King's kode 111 was in September 2009 vrygestel wat daarna strewe om Suid-Afrika op die voor front van goeie bestuur te plaas."

Noem enige SES kenmerke van die King's kode 111 aangaande goeie bestuur. (12)

6.4 Lys enige VYF kenmerke van die volwasse stadium van ʼn produk se lewensiklus. (10)

6.5 Omskryf enige VIER voordele van ʼn eenmansaak/alleeneienaar. (8)

6.6 Verduidelik kortliks die voordele van uitkontraktering omdat dit oor die jare gewild geword het. (10)

**[60]**

**TOTAAL AFDELING B: 180**

**AFDELING C**

Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling.

**VRAAG 7**

| |
|---|
| Siphosihle en haar nege vriende het ʼn borgskap van Vodacom vir ʼn konsessie/franchise-besigheid vir mobiele sellulêre fone gekry. Sy het ʼn borgskap van R200 000 ontvang, en nou wil hulle ʼn besigheid met ʼn maksimum van tien lede begin. |

Adviseer Siphosihle omtrent die ondernemingsvorm wat deur een tot tien lede gevorm kan word. Sluit ook die kenmerke, voordele en nadele in wanneer ʼn persoon die soort besigheid besit. **[40]**

**VRAAG 8**

| |
|---|
| Baie mense het teorieë voorgestel oor hoe om verandering te bestuur wanneer besigheidsverwante-teorieë hanteer word. Oor die algemeen hou mense nie van verandering nie. Dit is ’n menslike geaardheid om verandering teen te staan. Om verandering suksesvol te implementeer, moet bestuurders bewus wees waarom mense verandering teenstaan. John Kotter is een van die mense wie hierdie teorieë voorgestel het. |

Identifiseer die stappe wat geneem moet word om verandering suksesvol te bestuur. Bespreek die redes vir die teenstaan van verandering en die stadiums vir aanpassing. **[40]**

**VRAAG 9**

| |
|---|
| Verpakking kan ’n groot verskil maak in die verkope want unieke, kreatiewe en promosie-verpakking trek die aandag van die verbruiker. |

Gebaseer op die bogenoemde stelling, identifiseer die funksies en vereistes van verpakking en bespreek ook die verskillende vorme/soorte verpakking. **[40]**

**VRAAG 10**

Lees die volgende gevallestudie en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Save bank**
’n Bank in Ugie, in die Oos-Kaap, nooi applikante vir die posisie van
**Bankbestuurder**
Salaris: R250 000 p.j. (ond.)
**Ervaring en kwalifikasies**
Net kandidate met drie jaar ondervinding in ’n bestuurposisie kan aansoek doen. Die suksesvolle kandidate moet ’n honneursgraad in Finansiële Bestuur besit. Die suksesvolle kandidaat moet in staat wees om konflik te kan bestuur binne ’n span situasie om sinergie te bevorder.
Pos of e-pos aansoeke asseblief, saam met ’n volledige CV en die name en telefoonnommers of twee verwysings, aan Mev. Nosipho Dlamini. Geen aansoeke wat gefaks is, sal aanvaar word nie.
Kontakbesonderhede
Posbus 7
Elliot 5460
Telefoon: 089 767 6089
E-pos:hr@savebank.co.za
*SAVE Bank behou die reg om nie met die vul van die pos voort te gaan nie.*
*’n Aansoek in sigself is nie toelating tot ’n onderhoud nie.*

Bespreek die volgende punte wat verband hou met die gevallestudie.

- Die keuringsproses wat sal plaasvind om die mees geskikste kandidaat vir die vakante betrekking by SAVE bank te vind.
- Sluit die belangrikheid van spanwerk en die oorsake van konflikbestuur as vereistes wat benodig word om as ’n algemene bestuurder aangestel te word. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 80**
**GROOTTOTAAL: 300**